

Sing vooraf staande: Psalm 45:9 (p. 232)

- 9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1,2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehoe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.

Skriflesing: Lees 1 Petrus 2:11 tot 1 Petrus 3:9

Teks: 1 Petrus 3:7

... sodat julle gebede nie verhinder mag word nie ... (1 Petrus 3:7 AFR53)

'n Mens bly in hierdie lewe aan stryd uitgelewer, want ons is bywoners hier.

- Die duiwel probeer om met al sy kragte elke dag ons lewens te verwoes of ten minste te maak dat ons ons roeping teenoor God miskyk.

Kom ons kyk vandag in hierdie preek na die gebedslewe van man en vrou in die huwelik.
Dan kyk ons veral na alles wat betrek word by hierdie gesamentlike gebedslewe van man
en vrou.

- Die gedeelte wat ons saam gelees het, begin dit in vers 11 al duidelik maak dat daar vreemde dinge is waarteen ons moet veg omdat ons gelowiges is.
- Hierdie dinge takel ons siel en probeer om ons siel van God te vervreem.

Nou kan dit klink asof daar net na geloof en kerklike lewe verwys word, maar dit is nie so
nie, want ons hele lewe is geloof.

- As dit nie so is nie, dan is daar fout met jou, want dan is daar dinge wat jy nie verstaan nie en foute waarvan jy jou sal moet bekeer.

Die Bybel begin nie om van hoë geestelike dinge te praat nie. Hy begin dadelik met die woorde:

... en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon ... (1 Petrus 2a:12 AFR53)

Ons praat vandag nie meer so nie. Ons sê: Jy moet jou gedra!

Maar nou moet ons tog 'n paar dinge onthou.

- Die eerste is dat hierdie brief aan gelowiges geskryf word.
- Dit gaan in hierdie brief oor geloofsake en oor die saligheid van uitverkorenes.
- Dit gaan dus oor hoe ons ons geloof prakties moet uitlewe – oor wat ons moet doen of nie moet doen nie.

Dit gaan dus inderdaad hier oor mense se verhouding met God en uiteraard dan ook oor ons gebedslewe, want ons kan nie met God saamleef sonder om te bid nie.

Kom ons volg net die dinge wat die Bybel hier noem as belangrike dinge om aan aandag te gee. (Anders gestel: waar ons ons moet gedra!):

- Mens moet die wet gehoorsaam (vers 13, 14).
- Diensknepte moet nie opstandig word teen die wat oor hulle is nie, want hulle is geroep tot lyding (vers 21).
- Dan word daar oorgeslaan na die huwelik toe en eers word daar gesê dat die vrouens aan hulle eie mans onderdanig moet wees.
- Dan word daar na die mans verwys en gesê hoe hulle met hulle vrouens moet saamlewe.
- Dan volg die sin dat die gebede nie verhinder moet word nie.

Let nou daarop dat die huwelikslewe hier ingebou word in die gemeentelewe in. Die afleiding is dus dat as julle in julle huwelik die eer van God skade aandoen, julle die gemeente ook daarmee skend. Dit kom veral uit in vers 12 waar die gemeente in sy geheel teenoor die heidene gestel word.

Die tweede belangrike saak hier is dat al hierdie verskillende sake aan mekaar en aan die werk van Jesus gekoppel word. Volg my in u Bybel:

- In vers 12 is daar die opdrag:
... hou julle lewenswandel onder die heidene skoon.
- Vers 13 sê dat ons aan menslike verordeninge onderdanig moet wees.
- Vers 18 praat met die slawe. Natuurlik word hier veral met Christenslawe gepraat, want die brief is tog in die eerste plek aan gelowiges geskryf.
- Van vers 19 af begin die woorde wat daar staan meteens om baie meer te dra as net wat ons daar lees. Vers 19 lees so:

Want dit is genade as iemand ter wille van die gewete voor God leed verdra deur onregverdig te ly.

Die Here bou dus hier iets in wat jou waarsku dat jy altyd in jou geloofsuitlewing aan pyn blootgestel gaan word.

- Die lyding wat op ons pad kom, is ook nie regverdig nie, want die aanslae van die duiwel is nooit regverdig nie.
- Maar die genade van God is ook altyd daar om jou te versorg.

Die eerste gedagte wat by mens opkom, is dat hierdie waarheid net betrekking gehad het op die slawe, want die uitspraak is tog aan hulle lyding en onderdanigheid gekoppel.

Vers 21 lees so:

Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg.

Hierdie vers gee mens onmiddellik die gevoel dat die feit wat daar gestel word wyer moet strek as net die slawe, want die Here het tog nie net vir die slawe gesterf en 'n voorbeeld nagelaat nie.

Kyk nou na hoofstuk 3:1. Dit begin in die Ou Vertaling met die woorde *net* so. Dit is letterlik uit die Grieks vertaal.

- Daarmee word die vrouens se gedrag aan die slawe s'n gekoppel en aan die Here Jesus s'n.
- Net soos wat die slawe alle lyding moet verdra – want die Here Jesus het ook lyding verdra wat Hy nie verdien het nie – net so moet die vrouens ook in hierdie gesindheid aan hulle eie mans onderdanig wees.

Dink mooi waarom die woorde juis so hier neergeskryf staan.

- Een van die gebiede waar die duiwel die meeste onder mense se geloofsuitlewering maai, is in die huwelik.
- En hy doen dit met die grootste gemak, want al wat hy doen is om jou te help om jou eie ek op te blaas, en dan is alles gereed vir groot moeilikheid in die huwelik.

U moet die stelling sien teen wat nou vantevore hier in die Bybel staan.

- Ek en jy het 'n roeping teenoor God – ook in ons huwelik.
- Ons is nie in die eerste plek getroud om onself te plesier nie – ons is getroud omdat God ook in ons huwelik vir ons 'n bepaalde roeping of opdrag gee om in hierdie tydelike lewe vir Hom uit te voer.

Ons mag dus nooit op so 'n manier getroud wees asof ons huwelik net oor my en my vrou/man gaan nie, want dan is ons soos die ongelowiges, van wie vroeër in hoofstuk 2 geskryf staan.

- Die verskil tussen ons en die heidene is juis dat ons altyd sien dat ons aan God verbind is, veral ook in ons huwelik!
- Ons verbintenis kom ook in ons gebedslewe uit. Ons kan tog nie getroud wees sonder om te bid nie en ons kan tog ook nie bid as ons nie beseft dat ons huwelik saam met God die pad moet loop nie!

Sien u dus hoe die Bybel die gedeelte eintlik opbou na die punt toe waar hy dan kan sê dat die man en die vrou se gebede nie verhinder word nie?

Die vrou moet haar dus so gedra dat sy aan haar eie man onderdanig is.

- Die rede daarvoor is dat sy ook in hierdie geval nie na haarself moet kyk nie, maar na God!
- In die huwelik is daar onder andere 'n simboliese voorstelling ingebou waarin die verhouding tussen God en die uitverkorenes uitgebeeld word.
- Hierdie verhouding tussen man en vrou en tussen God en die mense is baie belangrik. Ons moet hierdie dinge raaksien en verstaan as ons gelukkig en ook gelowig getroud wil wees.

Die woorde **eie man** beteken dat sy haar sterk verbind moet voel met die man met wie sy getroud is.

- Sy moet nie haar toevlug na ander mans toe neem asof hulle beter is as haar eie nie, en
- asof sy eerder aan hulle onderdanig sal wil wees as aan haar eie man nie.

Hierdie gedeelte veronderstel die pyn en lyding waarvan in vers 19 gepraat is.

- Daar kom noodwendig dae wanneer die sonde veroorsaak dat dinge skeefloop tussen man en vrou.
- In baie van hierdie gevalle word die vrou verontreg deur die man se optrede.

Wat moet sy nou doen?

- Die Bybel noem nie eers die moontlikheid van baklei of skei nie.
- Sterk positief stel God dit net dat sy aan haar eie man onderdanig moet bly en dat sy met haar optrede hom tot ander insigte moet beweeg.

As u in die Ou Vertaling na vers 1 kyk, sal u die woorde **as sommige aan die Woord ongehoorsaam is** daar sien. In die Nuwe Vertaling is dit beter vertaal.

- Die bedoeling is dat die vrou met haar optrede haar man tot bekering kan beweeg.
- Dis ook presies waarvoor Eva geskape is – as ondersteuning vir haar man se geloof en om sy geloof aanhoudend te rig op God.
- Die Here sê self in vers 2 dat die vrou se reïne en Godvresende lewensvoorbeeld die man kan verander.

Maar die Here betrek die man ook.

- Hy is die hoof van die huis en dit beteken nie dat hy kan tekere gaan soos hy wil nie!
- Hy word ook met die woorde **net so** aan die Here Jesus en aan die slawe gekoppel.
- Hy het ook 'n roeping teenoor sy vrou wanneer sy verkeerd optree.

Hy mag nie eers iets negatiefs oorweeg nie.

- Positief maak die Here aanspraak op sy wysheid.
- God het vir elke man 'n roeping gegee! *Wanneer daar spanning ontstaan, moet die man heel eerste opkyk na God toe! Eerbiedig dan daardie roeping!*

Almal weet mense het swakhede – *moet daarom nie van jou vrou verwag om volmaak te wees nie. Onthou dat sy onder jou ook ly!*

- Maar onthou, julle erf saam God se koninkryk.
- Voor God is julle gelykes. Hy bevoordeel jou nie omdat jy 'n man is nie.
 - Maar dit is wel so dat in die huweliksverhouding God jou as die hoof aanstel.
 - Die man moet in sy hoofskap hoof wees oor sy vrou soos wat God hoof is oor hom.

Het u, broeders, al gedink hoe die Here die hoof is oor u?

- Elke man is geweldig sondig, maar God verwerp u nie.
- Hy het vir u gely – net soos vir die slawe – sodat u van u sondes vrygespreek kan word en dat u in die oordeelsoomblik toegelaat mag word om in die hemel in te gaan.
- Mans – net soos vrouens – erf dus die genade om in die ewige lewe in te gaan.

Dis waarom die Here hier sê dat jy moet onthou, jy moet net so teen jou vrou optree. Sy erf saam met jou die ewige lewe.

Nou die punt van hierdie preek: Hoe kry 'n getroude man en 'n getroude vrou dit reg om so te leef soos die Here dit vereis?

- Die antwoord is: deur te bid.
- Deur baie te bid in julle getroude lewe en in julle gesamentlike pad na God se troon toe.

Ons beleef dit almal dat daar baie keer dinge skeefloop. Sommer baie skeefloop ook. Hoekom?

- Dikwels omdat dit skeef is in die getroude man en vrou se gebedslewe.
- Hulle dien die Here nie reg nie.
- Hoe beter jou huwelik, hoe beter jou gebed. En net so: Hoe beter jou gebed, hoe beter jou huwelik. Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen hierdie twee sake.

*'n Man en sy vrou/vrou en haar man moet voor God absoluut een wees, anders gaan hulle hele lewe verongeluk. Ons teksvers sê: ... **dat julle gebede nie verhinder word nie ...***

Natuurlik gaan God jou gebede verhinder as jy jou man of jou vrou haat.

- Dan kom daar niks van al die seën waarvoor jy bid nie.
- Dan ry die lewe jou en jou ondergang is steil afdraand die verderf in.

Jy moet op die voetspoor van die Here Jesus aanhou probeer en aanhou vergewe ook.

- Jy moet die pyn wat uit jou huwelik kom, vat en verwerk – nie net sodat jy nie jou huwelik verbreek nie, maar sodat jy dit wat stukkend is, weer kan opbou en tot eer van God kan aangaan met julle gesamentlike lewe.

Kom ons lees weer saam wat die Here hier sê in 1 Petrus 2:21-25.

- Jy kan jou huwelik herstel (en red as dit al so ernstig verbrokkel het), want die Here Jesus Christus het vir jou huwelik ook gesterf.
- Hy bewaar ook jou huwelik – maar dan moet jy biddend getroud wees.
- Dan moet God duidelik verkondig word deur julle – die man en vrou– se wedersydse liefdesverhouding.

As dit nie so is nie, is daar groot fout.

- Dan verhinder die Here jou gebede.
- Ook jou gebed dat jou sondes jou vergewe word.
- Die gevolge is so duidelik dat daar seker nie daaroor gepreek hoef te word nie: as God jou nie jou sondes wil vergewe nie, dan gaan jy hel toe.

Maak daarom die herstel en die opknapping van u huwelikslewe deel van u voorbereiding vir ons eerskomende Nagmaal.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 19:1, 3 (p. 82)

- 1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde^{en} wetenskap / deur al sy donker wake.

- 3 Hy 't in die wonderbou / van eewige hemelblou / die son se tent gestig.
Dié 's soos 'n bruidegom / wat uit sy slaaptent kom / met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held / blymoedig in die veld / van hoë hemeltranse,
en het sy swaai en spoor / die ganse wêreld oor / wat blink van gloed en glanse.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 13 Oktober 2013